

5 Augustus

Lukas 13:6-9

God gee, maar Hy vra ook

Veral in die tyd van Jesus was 'n vyeboom nie van veel waarde nie. 'n Wingerd was egter net soos vandag, 'n waardevolle besitting. Jesus sê dat hierdie vyeboom in 'n man se wingerd geplant was. Hy het dus 'n doel daarmee gehad. Dit is duidelik dat ons Heiland met hierdie vyeboom ons in gedagte het. Hy wil hiermee sê dat Hy my, wat eintlik 'n nuttelose werktuig is, so belangrik geag het dat Hy my doelbewus deels van sy waardevolste besitting gemaak het.

Maar, soos die eienaar in die gelykenis, kom soek Hy ook by my en ons vrugte. Ons ontvang, soos die vyeboom, spesiale aandag en sorg. Hy verlang egter vrugte! Dit is die doel waarvoor Hy ons in sy wingerd geplant het. En as daardie vrugte uitbly, dan is die uitspraak onverbiddelik: Kap hom uit! Eintlik verdien elkeen van ons om uitgekapt te word, omdat ons so ver tekortskiet.

Die tuinier tree egter vir die onvrugbare vyeboom in die bresse; hy vra grasie, genadetyd. Daarmee saam belowe hy nog meer bearbeiding en versorging. God gee vir ons, op grond van Jesus Christus se voorspraak, nog genadetyd. Deur sy Woord en Gees word daar steeds gespit en bemes. Alles wat ons nodig het om vrugte te dra gee Hy oorfloedig. Laat ons die genadetyd voluit benut om vrugte van dankbaarheid en bekering te dra. Onthou, die genadetyd het 'n einde: so nie, kan u hom volgende jaar uitkap".

Sing: Psalm 119:43
(Gobabis)

Ds. R.J.P. du Plessis